Waterkruik

JAARGANG 56 NO 10 10 Maart AD 2019

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: **Emeritaatsversorging**

Doel: Om die emerituspredikante,
-weduwees en -wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

Volgende Sondag:

GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansiëel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 3 & 4
Ouderlinge: Willie Enslin
Gerhard Koekemoer
Diaken: Ewald Landsberg

Volgende Sondag: Wyke 5 & 6
Ouderlinge: Daniël du Plessis
Kobie van Wyk
Diaken: Kilayne Pelser

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 18 wat vanoggend o.l.v. Marna Horn tee en koffie bedien.
Die volgende 3 Sondae sal daar selfhelptee en -koffie in die saal beskikbaar wees.

KATKISASIE SLUIT

Die katkisasie sluit vandag vir die skoolvakansie en open weer op Sondag 7 April.

BYBELSTUDIE SLUIT

Die Bybelstudiegroepe sluit Donderdag af en open weer op Donderdag 11 April.

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Deurgrond my, o God, en ken my
hart; toets my en ken my gedagtes;
. . . en lei my op die ewige weg!"
Psalm 139:23-24

Dinsdag 12 Maart

Catie Hogendyk (10) 082 389 5344
Emil Oosthuizen (15) 066 238 3524
Sr. Somien Smit 076 439 6252

Vrydag 15 Maart
Br. Paul Kleynhans 082 351 9476

Saterdag 16 Maart
Br. Hennie du Plessis 082 600 2506
Br. Jaco Minnaar 083 226 8001

MEELEWING
Ons wens almal wat in hierdie tyd met vakansie gaan, 'n aangename en geseënde rustyd toe.

"Die grootheid Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op die aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe. Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak" (1 Kronieke 29:11-12)

ROEPING VAN DIAKEN
Die volgende broeders en susters is geroep om as diakens te dien:
Brs. Eddie Josling, Gerrit Kruger, Louis Scheepers en srs. Karen Moolman, Hannie Kuschke, Ansie Oosthuizen en Lisl Lindeboom.

Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.

ATTESTATE
***Attestaat ontvang*:**
Ons heet *Janru Reynders* en sy verloofde Reinette Kropff, hartlike welkom in ons midde. Janru kom van Cachet- en Reinette van Potchefstroom Suid gemeente. Ons vertrou dat julle gou tuis sal voel.

Jandré Moolman sluit by ons aan van die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos.
Hartlike welkom. Ons vertrou dat jy gou deel sal voel van Waterkloofrand.

Ons is ook dankbaar om 2 volwasse dooplidmate in ons gemeente op te neem.
Melissa Boshoff en *Chris Smit*. Hulle kry tans katkisasie by dr. Douw.
Hartlik welkom. Melissa is die verloofde van Albert Chambers en al reeds bekend by ons.

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

Ds. DFC Kruger (Dirk) van Zeerust na Vaalpark.
Ds. GP Meijer (Gerben) van Vryburg/Schweizer Reneke na Hendrina/Carolina-kombinasie.
Ds. PJ Venter (Petrus) van Pretoria na Postmasburg.

BEROEPE AANVAAR

Proponent G Janse van Rensburg (Gerhard) na Durban-Noord

SÓ KRY JY 'N NUWE LEWE (6) – VOLHARDING VAN DIE HEILIGES.

Elke gelowige word gedurig deur die duiwel aangeval (1 Petrus 5:8). Volharding in die geloof gaan daaroor dat jy aan Christus moet vashou in versoeking en swaarkry. Só volhard jy :

- Bly standvastig in die geloof en staan die duiwel teë.
- Moet nie net bekommerd wees oor bv. satanisme (sekere films, boeke, demoonuitdrywing) nie. Enige sonde of swaarkry kan jou die slagoffer van Satan maak.
- Moenie toegee aan jou eie sinlike begeertes nie (1 Petrus 2:11)
- Hou vas aan God – groei in jou verhouding met Hom.
- Word bemoedig deur die lyding van ander gelowiges oor die wêreld.

(Kruispad 42)

HULP AAN DUMISANI TEOLOGIESE INSTITUUT EN BYBELSKOOL

Ons kerkverband het 'n jarelange verbintenis met hierdie instituut en bybelskool van so vroeg as 1970. Hulle is gevestig in King William's Town en het jaarliks 'n gemiddelde van ongeveer 55 studente. Die meeste van hulle studente is in die "bediening" maar het nog nooit formeel by 'n teologiese instelling gestudeer nie. Daar is vandag groot behoeftes vir teologiese opleiding op alle vlakke in die Oos

Kaap.
Dumisani het behoefte aan die volgende uitgespreek:

1. Dat dosente van die TSP en predikante onderrig in hul seweweekprogramme of 10-dag kort kursusse sal gaan gee.
2 Dat 'n persoon of getroude paar hulle administrasie of biblioteekwerk sal gaan doen.
3. Skenkings van goeie teologiese boeke aan hulle biblioteek sal waardeer word.

Verdere inligting is beskikbaar per e-pos by ami.dutoit@nwu.ac.za
(Kruispad 42)

CHRISTELIKE VERVOLGING VANDAG

Christelike vervolging is enige vyandigheid wat vanaf die wêreld ervaar word as gevolg van 'n mens se identifisering met Jesus Christus. Dit kan vyandige gevoelens, houdings, woorde en aksies insluit. Maar wat bedoel die Bybel met die woord "vervolging"? In Mattheüs 5:10-12, sê Jesus in die Saligsprekinge dat vervolging 'n seën is. Nie noodwendig een wat baie van ons ooit begeer nie!
Jesus definieer ook die woord vir ons in Lukas 6:22 deur vier werkwoorde. Hy sê: *"Salig is julle wanneer die mense julle **haat**, en wanneer hulle julle **verstoot** en **beledig** en jul naam **weggooi** soos iets wat sleg is, terwille van die Seun van die mens."* Let daarop dat dit Jesus ín jou is, wat die rede vir en die teiken van vervolging is.
Die apostel Paulus sê in Romeine 8:17 vir ons, *"[A]s ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word."* Wanneer ons dus deel in Jesus se lydings (haat, isolasie, beledigings en verwerping) word ons erfgename wat ook in Sy heerlikheid deel. Die vier werkwoorde hierbo kan in verskillende grade van intensiteit ervaar word.

Ongelukkig maak baie Christene vandag die aanname dat vervolging deel is van die Kerk se verlede. Die waarheid is dat daar lede van die liggaam van Christus is wat tans erge vervolging en beperkings in die gesig staar as gevolg van hul geloof in Jesus Christus. Elke dag, van elke jaar, en op elke kontinent, staar mans en vroue vervolging in die gesig as gevolg van hul geloof in Jesus Christus.

Hier is 'n paar voorbeelde van die tipes vervolging wat Christene vandag ervaar:
Fisiese en verbale mishandeling
Gevangenskap (tronkstraf)
Ontvoering
Omkopery
Deportasie

Verwoesting van eiendom
Boetes
Foltering
Moord

ALLERLEI

TEOLOGIESE FIETSTOER 2019

Hierdie jaar word die 150ste bestaansjaar van die Teologiese Skool herdenk . Vyftig jaar gelede het 'n aantal studente die 100ste bestaansjaar met 'n toer van Burgersdorp na Potchefstroom **te perd** herdenk.

Hierdie jaar gaan dieselfde gedoen word maar dié keer **per ysterperd**, d.w.s per fiets. 20 Studente en professore gaan op 21 Maart per fiets uit Burgersdorp vertrek .Die afstand van 680 km. sal oor 8 dae getrap word sodat hulle DV op 28 Maart in Potchefstroom sal arriveer. Op die pad gaan hulle stilhou by verskillende Gereformeerde Kerke om saam met hulle die geleentheid te herdenk.

Die groep fietsryers sal die oggend van die 28ste feestelik by die Teologiese Skool verwelkom word by wyse van 'n spesiale program. Meer besonderhede is beskikbaar by Elsabé Labuschagne 018 299 1846 of per e-pos by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za

Die mag van die leuen het nêrens duideliker geword nie as met Jesus Christus. Hy is uit alle oorde beswadder en belaster. Selfs aan die kruis is Hy dit nie gespaar nie. Maar Hy het die een leun van die sonde oorwin .... Hy het jou van die vader van die leuen gered. Sy Heilige Gees panser jou teen die leuen wat jou lewe en karakter wil afbreek. Hy panser jou ook teen twyfel in jou eie hart. Ja, net by God is ly veilig teen die mag van die leuen in jou lewe! J L Helberg.